

**Hans Merensky** (16 Maart 1871 in Botshabelo –† 21 Oktober 1952) was 'n Suid-Afrikaanse geoloog, prospekterder, wetenskaplike, omgewingsbewaarder en weldoener. Hy het ryk alluviale diamant neerslae by Alexanderbaai in Namakwaland, reuse platinum- en chromriwwe by Lydenburg, Rustenburg en Potgietersrus ontdek wat gelei het tot die oprigting van, van die wêreld se grootste platinum myne, fosfate en koper by Phalaborwa in die Transvaalse laeveld, goud in die Vrystaat en die grootste chromneerslag ter wêreld by Jagdlust naby Pietersburg.

Hans Merensky is op 16 Maart 1871 op Botshabelo-sendingstasie gebore. Sy vader was die welbekende sendeling, Alexander Merensky. Hy gradueer aan die Universiteit van Berlyn en slaag Geologie en Myningenieurswese met lof. Na sy praktiese opleiding in koolmyne van die Saarstreek en in Silesië tree hy in diens van die Departement van Mynwese in Oos-Pruisië.

Hy kom in 1904 met verlof na Suid-Afrika toe om geologiese opnames te doen. Hy bestee maande om deur Transvaal te reis. Hy ontdek tin naby Pretoria en skryf 'n gedetailleerde verslag oor die moontlikhede van die Premier Diamandmyn. Merensky bedank sy pos as Duitse amptenaar en vestig homself as raadgewende geoloog in Johannesburg waar hy floreer het.

Hy het talle baanbrekerpublikasies oor wetenskaplike onderwerpe voortgebring waarvoor hy twee eregrade en die Leibnitz goue medalje, een van die hoogste Duitse toekennings, ontvang. Gedurende die daaropvolgende depressiejare, toe die pryse van aandele op die aandelemark gedaal het, verloor Merensky sy werk en raak hy in 1913 bankrot.

Tydens die Eerste Wêreldoorlog is hy in 'n kamp naby Pietermaritzburg geïnterneer op grond van die militêre diens wat hy in die Duitse Weermag meer as 'n dekade vroeër gedoen het ten einde vir tersiêre studie in Duitsland te kwalifiseer. Na die Oorlog was daar weens die depressie weinig belangstelling in nuwe ondernemings. Voorts het die mynmaatskappy vir geoloë permanente poste aangebied en was Merensky sonder inkome met die uitsondering van toevallige opdragte.

In 1924 gee 'n vriend van Lydenburg vir hom 'n bottel gevul met grys stof wat hy onmiddellik as platinum herken. Sy deeglike professionele kennis en intensiewe prospekterwerk stel hom in staat om 'n platinumrif wat 48 km lank is in die Lydenburgdistrik te ontdek. Die rif is later na hom vernoem. Hy word 'n ryk man as gevolg van hierdie en ander ontdekkings.

Terwyl hy in 1926 op besoek in Duitsland was, is diamante in Namakwaland ontdek. Teen die tyd toe hy en sy kollega, E Reuning, daar aanland, het delwers en prospekterders 'n gordel van 160 km langs die kus afgepen, sonder enige noemenswaardige resultate. Vorige navorsing het vir Merensky daartoe gelei om diamante met die teenwoordigheid van versteende skulpe te verbind. Merensky het vroeg in 1927 die beroemde diamantryke, oesterfossieldraende neerslae blootgelê en binne ses weke is diamante ter waarde van 150 000 pond ontdek. Die geheim het gou uitgelek en die groot diamantstormloop van Namakwaland het begin. Om die totale ineenstorting van die diamantmark te verhoed, het die regering tussenbeide getree en alle prospekterdery verbied en die hele gebied, met die uitsondering van die Merensky-kleims, gesluit. Dr. Merensky het sy regte aan die staat verkoop en 'n fortuin gemaak.

Vervolgens het hy op Westfalia begin boer. Hy het die plaas in die omgewing van Duiwelskloof in Noord-Transvaal gekoop. Hy het hier grootskaalse navorsing gedoen, plantasies gevestig, metodes ontwikkel om gronderosie te beveg, gras aangeplant en nuwe grassoorte ondersoek, vrugtenavorsing gedoen, veetelery aangemoedig, die grond verbeter, die Merenskydam gebou en hout geproduseer. Sy uitgebreide eksperimentering het tot die materiële ontwikkeling van die land bygedra.

Merensky het ook voortgegaan met prospekterwerk. Hy het deelgeneem aan die geofisiese navorsing wat tot die ontwikkeling van die goudvelde van die Oranje Vrystaat gelei het. Die groot chroomneerslae wat hy naby Pietersburg (ook Polokwane) ontdek het, is ook ontgin. Daarna het die ontdekking van fosfaat by Phalaborwa gevolg en die totstandkoming van Foskor.

Hy kom op 21 Oktober 1952 te sterwe op sy plaas Westfalia.

Die Universiteit van Pretoria se Ou Merensky Biblioteek, was ontwerp deur Gerard Moerdijk na 'n skenking van £10 000 deur Hans Merensky

Hans Merensky, geoloog, boer en filantroop, was verantwoordelik vir die ontdekking van verskeie van Suid-Afrika se rykste mineraalneerslae. Sy geologiese insig het tot die ontdekking van platinum by Lydenburg, Potgietersrus en Rustenburg gelei, waar die wêreld se rykste platinummyne vandag geleë is. Hy was ook verantwoordelik vir die ontdekking van die ryk spoeldiamantneerslae by Alexanderbaai en het bygedra tot die ontdekking van die chroom- en fosfaatneerslae.

Sy groot rykdom is gebruik om sy geboorteland te ontwikkel. Hy het dikwels navorsers uit die buiteland op sy koste genooi om bystand te verleen om ernstige probleme op te los. Hoewel hy nie eens vir homself die weelde van 'n nuwe huis op die plaas gegun het nie het hy, sover hy kon, bystand verleen aan universiteite, skole, biblioteke, hospitale, welsynsinrigtings, talle ander kulturele ondernemings en behoeftige mense.

Hy het die stigting van landbouskole geïnisieer en by Stellenbosch die enigste fakulteit vir Bosbou moontlik gemaak, sowel as die grootskaalse ontwikkeling van die bosbou-industrie. Na sy dood is die geld wat hy nagelaat het, ooreenkomstig sy testament, gebruik om 'n trustfonds tot stand te bring om sy werk voort te sit. Die mineraal Merenskyiet is na hom vernoem.